



GOD GEE RIGTING AAN ONS GROEI

deur Gerhard Bothma soos geskryf vir E-Kerk



Toe 'n dogtertjie nou die dag al huppelend sing "Do you know where you're **growing to?**", het ek amper die fout gemaak om vir haar te sê dit is eintlik "Do you know where you're *going to?*" Dit is die meeste van die tyd beter om mense nie te wil reghelp nie, maar eerder na die vrae wat hulle vra te luister. Ek het jare gelede besef dat ek opgehou het om in lengte boontoe te groei en toe sywaarts begin groei het. **Sedert die jonge dametjie se singery vra ek myself steeds af of ek werklikwaar wêét waarheen ek besig is om te groei.**

Waarheen groei jy? As jy – soos Jesus se Vader, die goeie Wynboer (Joh 15) – jou groei kon rig, waar in jou lewe sou jy meer bemes het, waar meer water gegee het, en waar sou jy jouself gesnoei het? Waar sou jy dalk 'n skadunet gespan het sodat die son nie van jou takkies of vrug verskroei nie of 'n muur gebou het om jouself teen die wind te beskerm? Wat sou jy gedoen het om seker te maak dat voëls of miere en ander insekte nie skade aanrig nie?

Buiten daarvoor dat ons in elk geval iewers heen groei, is daar in ons almal se lewens areas waarin daar groei nodig is. Paulus, wat vir die christene in Korinte geskryf het dat hulle **in hulle denke volwasse** moet wees (1 Kor 14:20), het vir hulle **geestelike volwassenheid** gebid (2 Kor 13:9) en hulle aangemoedig om daartoe te **groeï** (2 Kor 13:11). Aan die Efesiërs skryf hy dat "ons uiteindelik almal ... **so volmaak en volwasse soos Christus**", soos 'n volgroeide mens sal wees (Ef 4:13-16). Hy bring die gelowiges se gees en gedagtes, asook hulle manier van lewe in die alledaagse met mekaar in verband (:23-32) en herinner hulle dat - omdat hulle kinders van God is en Hy hulle liefhet – hulle sý voorbeeld moet volg en hulle **lewens deur liefde moet laat rig** (Ef 5:1-2; sien ook Fil 3:10-16 en Kol 4:12). **God gee rigting aan ons groei. God laat ons wáárlík liefhê en goeie dinge vir ander doen, sonder om iets terug te verwag (Luk 6:35).**

In Hebreërs 6 kapittel die skrywer sy lesers omdat hulle nie verby 'n stryery oor "die heel basiese dingetjies wat ons oor Christus geleer het" (Die Boodschap) groei nie. In plaas daarvan om te redekawel oor dinge soos die doop, die opstanding en of God straf, moet hulle eerder by "dieper dinge" uitkom en **in hulle geloofslwens selfstandig raak (Hebr 6:1-3)**. Groei ons nie juis wanneer ons nie op die korrigering van ander se woorde nie, maar op 'n eerlike worsteling met vrae wat aan ons gestel word fokus nie?

Mag jy ervaar dat daar rigting in jou geestelike, intellektuele én emosionele groei is. En mag jy in jou groei saam met God vrug en vreugde beleef.

Ds Leon Tait



MAANDBLAD

NG Rietfontein-Suid

APRIL 2010

2010 - Christus Eerste!

Ons leef ANDERKANT die leë kruis en leë graf!!

Die hart van alles is dit: Christus het gesterf sodat ons nie self sal moet sterf vir al die verkeerde dinge wat ons voor God gedoen het nie. Dit is presies wat die Skrif voorspel het sou gebeur. Maar die Skrif het ook verder voorspel dat Hy begrawe sou word en dat God Hom na drie dae weer lewendig sou maak. Net so het dit toe ook gebeur.
(1 Kor 15:3 Boodschap)



Christus moes sterf omdat geen mens goed genoeg kon leef of genoeg die regte dinge doen om God se oordeel oor ons sonde af te weer nie. Daarom was Jesus se dood so bitter nodig. Daarom het Sy bloed gevloei. God het gesê dit is genoeg! Jesus se bloedoffer –Hyself aan die kruis - het vir altyd alle sonderekening betaal, vir elkeen wat Hom omhels. Christus se offer in ons plek is volkome deur God aanvaar en daarvan is die leë kruis en leë graf die kwitansie!


Die kruis was in antieke tye die wreedste vorm van teregstelling en die doel was om mense af te skrik en vrees in te boesem. Jesus was buite Jerusalem op die wreedste moontlike manier tereggestel om ons ontwil. Die Here het dit gebruik nie om vrees in te boesem nie, maar versoening of vrede met Hom te bring. Christus het dit vrywillig vir jou en my gedoen, omdat ons so kosbaar vir Hom is!

Die kruis was nie die fokuspunt van die eerste Christene nie. Die *doel* van die kruis nl versoening was die fokuspunt. Daarom het die eerste christene nie die simbool van die kruis gebruik nie. Dit was eers in die vierde eeu met keiser Konstantyn dat dit sterk op die voorgrond getree het. Tot daardie tyd was die simbole van die christene 'n skuitjie, 'n vis, 'n herder en 'n druiwetros.


Paulus sê dat ons nie vir altyd by die kruis moet vertoef nie maar wel anderkant die leë kruis en die leë graf, want ons Verlosser leef! Christus het regtig opgestaan!

Wanneer ons nou die simbool van die kruis gebruik, is dit 'n leë kruis!

Ds Leon van Heerden



!! Onthou datums !!



- **1 – 5 April:** Hart vir die Moot
- **2 April @ 9h00:** Nagmaal – Goeie Vrydag
- **7 April:** Senior lidmate - Herfstee
- **12 April:** Skole open
- **18 April @ 10h10:** Gemeente-tee na erediens
- **18 April @ 17h30:** Coram-Deo diens
- **25 April @ 9h00:** Doop tydens erediens
- **27 April:** Vakansiedag
- **30 April @ 19h00:** Huweliksnaweek

Sien jou daar!

Chr1stus **EERSTE**
vir almal!!
Almal **EERSTE** vir
Chr1stus!!

Huweliksverryking 2010

Aller verliefdes, verloofdes en (ou)getroudes!

- **Datum:** 30 April 2010 - 2 Mei 2010
- **Plek:** NG gemeente Rietfontein-Suid
- **Spreker:** Dr Arnold Mol
- **Koste:** R150 per paartjie (sluit in romantiese ete en verversings)

Registrasie: Vorms beskikbaar by **MI toonbank, kerkkantoor**, gemeente webblad (www.rietfontein-suid.ng.org.za) of skakel Frieda by **083 235 0236**



Program:

Vrydag

Hoe om ordentlik met jou maat te baklei

Saterdag

Maak kennis met jouself en jou maat

Saterdag

Romantiese ete

Sondag

Hoe om mense waarvan jy nie hou nie, lief te hê

**** Aparte kleuter-en kinderkerk word aangebied**



NAAIMASJIEN: Te koop – Empisal Celebrity 550 naaimasjien @ R800,00 – splinternuut!

VEILIGHEIDSHOK: Te koop - nuut @ R250,00. Skakel Elma by 082 356 7477

BOOMSLOPING en snoei van bome & struik. Kontak Ernst by 083 656 4992

AVROY SHLAIN & SH'ZEN “specials” beskikbaar. Kontak Jeanne by 083 612 0863

REKENAARS: Herstelwerk, opgradering en virus verwydering. Nuwe en gebruikte rekenaars te koop. Verskeidenheid parte beskikbaar asook “data recovery”. Skakel 084 599 1465 of mobile.paich@gmail.com

TE RUIL: Verskeidenheid boeke te ruil vir ou klere en ook **GESOEK:** Tweede-handse meubels (geen elektriese ware). Skakel 072 841 3555 – slegs n/ure asb (tussen 16h00 en 19h00).

SKOONHEID: Naels (Bio Sculpture), Manikuur, Pedikuur, Facials. 15% Afslag aan NG Rietfontein-Suid lidmate. Skakel 083 235 0236



ROOP-en-LOOP etes

Wanneer? Elke Vrydag vanaf 17h00

Waar? Voor die skool (by kerk)

Wat? Pannekoek, Warmbrakke, Jaffels, Kerrie & Rys en vele meer (elke Vrydag iets anders op die spyskaart)

Waarom? Fondsinsameling vir Taakspan vir Lidmaatskap

Skakel gerus vir **Rita Conradie** by **083 242 7029** om te bevestig wat op die **spyskaart** is vir enige betrokke Vrydag, of indien jy **vooraf** wil **bestel**





MOOT SENTRUM VAN HOOP (Nuwe toekoms met nuwe uitdagings)

Vir die verskillende hulpaksies van Sentrum van Hoop nl. Brood vir Nood, Jakob se Put en Vosstr-Gemeenskapshuis lê daar 'n splinternuwe toekoms voor.

Binne die afsienbare toekoms betree Moot Sentrum van Hoop 'n nuwe fase. Die sentrum gaan waarskynlik 'n vaste adres kry en onder een dak 'n hele aantal dienste huisves. Saam met die CMR gaan ons in 'n huis intrek wat as sentrum sal dien. Ons is nog nie seker presies waar in die Moot nie.

Die naam van die sentrum sal moontlik verander na "Moot Care Sentrum". Die dienste sal steeds al die huidige dienste insluit met verdere uitbreiding en aanpassings asook nuwe dienste.

Moot Care Sentrum gaan fokus op: **Lewensverandering** deur gemeenskapsbedieninge; **Heling** deur professionele dienste en **Bemagtiging** deur opleiding.

Ons wil **hulp en hoop in die Moot bring!** Bid asb saam met ons. Later meer inligting. Skakel gerus met ds Leon van Heerden vir verdere inligting of indien jy behulpzaam wil wees by 083 660 1803

SAF-BOB BEGRAFNIS DIENSTE

Sê nee vir hoë pryse!!

Verassings: R5500.00

24 UUR DIENS

Begraving: R6500.00

**** Theo Steyn**

Sluit kis, graf, (verassing),

082 795 0816

kerkfoeie en blomme in.

**** Hendrik Bronkhorst**

(Blaaitjies ekstra)

079 386 4517

1022 Hertzogstraat, Waverley, 0186



God se telefoon nr??

23 65 24

= 23ste boek: Jesaja, 65ste hoofstuk, 24ste vers:

**"Voor julle
nog roep sal Ek
antwoord, terwyl
julle nog praat sal Ek
julle gebed verhoor!"**



'n Dame voel altyd goed wanneer sy iets nuuts aanhet.. Hier is die geleentheid vir bekostigbare **Sterling Silver** juweliersware.

Gratis oorstuds met aankope.

Vir die beste gehalte en prys skakel Elsie by (012)331-1536 of 083 456 3505.



TAAKSPAN VIR LIDMAATSKAP

OORSIG: Die Taakspan vir Lidmaatskap het dit ten doel om nuwe lidmate in ons gemeente te verwelkom asook om Lidmaatskap ontwikkeling te doen.

Elke nuwe lidmaat word onder die sorg van tannie Nella Gertenbach se span besoek, en laat welkom voel in Rietfontein-Suid. Dit word gevolg deur 'n verwelkomingsgeleentheid waartydens die nuwe lidmate bekend gestel word aan die werksaamhede van die gemeente.

Tydens 'n oggenddiens word hierdie lidmate aan die gemeente bekendgestel, en dit word gevolg deur 'n gemeente-tee sodat die gemeente kan meng en gesels met ons nuwe lidmate.

Lidmaatskap ontwikkeling geskied deur die aanbieding en bywoning van die Netwerkkursus (voorheen genoem Ontdek jou Gawes). Kursusgangers woon 'n drie-aand sessie by waartydens elkeen ontdek wat sy/haar spesifieke gawes is, en uitvind waar hy/sy kan inskakel in die gemeente.

Dit word gevolg deur 'n persoonlike gesprek, en om inskakeling by die onderskeie Taakspanne te bewerkstellig.

SUKSESSE: Gedurende die afgelope 6 maande is 51 belydende lidmate en 17 doop lidmate as nuwe lidmate by Rietfontein Suid verwelkom.

Weereens baie welkom by ons, en ons nooi julle uit om deel te word van een of ander aktiwiteit waarvoor jy kans sien. So maak ons Rietfontein-Suid 'n meer spesiale gemeente. Tydens die Netwerkkursus wat teen die einde van 2009 aangebied is, het meer as 30 mense die kursus bygewoon en die terugvoer was baie positief.

Na die persoonlike gesprekke kon feitlik almal by 'n aksie inskakel waar hy/sy voortgesette Christenskap kan uitleef.

WAAR PAS EK IN? Die Taakspan vir Lidmaatskap het altyd mense nodig wat kan help met die bemanning van die Lidmaatskaptrollie na die erediens waar nuwe lidmate kom aanmeld.

Kom help ons ook asseblief met die teesink geleentheid.

Onder leiding van Rita Conradie is onlangs 'n Vrydag "Loop en Koop" Padkafee by die kerk begin waartydens wegneemetes te koop aangebied word. Kom bied asseblief jou hulp aan om kos te maak of te help verpak en verkooop. Kontak Rita Conradie by 083 242 7029 vir meer inligting.

Nuwe Intrekkers



Derik, Chantal & Chander
Bezuidenhout



Sarel, Leazill & Darius Peenze



Magdaleen Olivier



Susan, Suritha & Johan Robbertz



Paul, Isabelle, Zaski &
Shelaine van der Merwe



Du Plessis Steyn



Kolla, Wilma, Nico, Samantha &
Melisinda Vermaak



Anza Vonk




Anne-Marie & Nicolaas de Plessis



Jacobus, Lethisia & Lavras Uys



Stoffel & Doreen Blaeser



Jaco Rossouw & Anna-Marie Marco

WELKOM-dit is 'n vorreg om julle in ons midde te hê!
Mag julle sommer vinnig deel voel- en wees van ons
lieflike Christus-familie by NG Rietfontein-Suid.